

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appel DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPEL IN STRAFSAAK.

PIETER ZACHARIAS OBERHOEZER

Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Kieck & Co Respondent's Attorney P. J. (Pta.)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate P. J. v. R. Hennings Respondent's Advocate H. C. de J. Skarboert
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op

26-8-1971

(T.T.A.)

BOTHA, A.R.

RABIE, A.R.

MULLER, A.R.

C. A. U.

9.45am. - 11.00am.
11.15am. - 11.50am.
11.50am. - 12.00am.
12.00am. - 12.03am.

appel van die hand gewys.

GRIFFIER.
9/9/1971

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.
(APPELAFDELING).

In die saak tussen:

PIETER ZACHARIAS OBERHOLZER.....APPELLANT.

EN

DIE STAAT.....RESPONDENT.

CORAM: BOTHA, RABIE, et MULLER, A.RR.

VERHOOR: 26 AUGUSTUS 1971 GELEWER: 9 SEPTEMBER 1971.

U I T S P R A A K.

BOTHA, A.R.:

Die appellant het in die landdroshof op
Potchefstroom tereggestaan op 'n aanklag weens
'n oortreding van artikel 48, saamgelees met artikels
50 (2) en 31 (1) van die Wet op Mate en Gewigte 13
van 1958, deurdat hy op ongeveer 12 Mei 1970 -

„'n/ 2

"'n valse verklaring met betrekking tot
die gewig van 400 bale eragrostis
~~gemaak het aan die koper daarvan Win-~~
canton Estates, Uitenhage,"

deur die gewig van genoemde 400 bale eragrostis gras
op 'n spoorwegvragbrief as 28,000 lb. aan te gee,
terwyl die werklike gewig daarvan slegs 15,769 lb.
was. Ondanks sy ontkenning van skuld, is die ap-
pellant op die aanklag op 14 September 1970 skul-
dig bevind en gevonnisd tot betaling van 'n boete van
R30 of 15 dae gevangenisstraf, wat in geheel voor-
waardelik vir 12 maande opgeskort is. 'n Appèl
teen die skuldigbevinding is deur die Transvaalse
Provinsiale Afdeling afgewys, maar daardie afdeling
het aan appellant verlof toegestaan om hom verder
op hierdie Hof te beroep.

Die feite van die saak is nie in geskil nie.

Die appellant het 'n voerbesigheid op Potchefstroom,

bekend.../3

bekend as „Republiek Voeragente.“ 'n Firma in
Grahamstad, bekend as "Farmers Fruit Waste Company",
het namens J.M. Searle van Wincanton Estates 28,000
lb. eragrostis gras vir versending per spoor aan
J.M. Searle, Uitenhage stasie, van appellant be-
stel. Searle het die besending op 12 Mei 1970
ontvang. Volgens die afleweringbrief van die
S.A. Spoorweë was Republiek Voeragente van Pot-
chefstroom die afsenders, en het die besending be-
staan uit 400 bale eragrostis met 'n gewig van
28,000lb. Die besending was egter onder toe-
sig van J.H. du Toit, 'n inspekteur van die De-
partement van Mate en Gewigte, geweeg wat 'n te-
kort van 12,231 lb. gevind het. Die goederevrage-
brief wat op die besending betrekking gehad het,
is deur die appellant erken en met sy toestemming
by die verhoor ingehandig. Dit was die getuienis
ten behoewe van die Staat.

Appellant.../4

Appellant het erken dat hy die betrokke goedere vragbrief ten opsigte van die bestelling deur sy eggenote, wat blykbaar in die besigheid behulpsaam was, laat uitmaak het. Op die vragbrief, soos deur mev. Oberholzer voltooi, verskyn die naam en adres van Republiek Voeragente as die afsenders, en die naam en adres van Searle as die geadresseerde. Die goedere word in die vragbrief beskryf as "...Bale Eragrostis 28,000 lb." Die aantal bale is nie deur mev. Oberholzer ingeskryf nie, maar sy het die vragbrief volgens gebruik onderteken. Hierdie half-voltooide vragbrief het appellant deurgestuur na 'n voerprodusent, ene Hommes van Oberholzerstasie wat, volgens 'n stilswyende reëling, die op die vragbrief aangegewe gewig eragrostis aan die geadresseerde per spoor moes aanstuur, en die vragbrief verder moes voltooi deur die aantal bale en die nommer van die be-

trokke spoorwegtrok daarop in te skryf. Hommes
het blykbaar nie die volle gewig van 28,000 lb.
eragrostis beskikbaar gehad nie, of hy kon dit nie
alles in die trok inkry nie, en toe maar 400 bale
van 'n totale gewig van 15,769 lb. aan Searle
afgestuur op 11 Mei 1970. Hommes het die vrag-
brief voltooi deur die nommer van die trok en die
aantal bale, nl. 400, en die datum daarop in te
skryf. Die gewig wat mev. Oberholzer in opdrag
van die appellant daarop ingeskryf het, nl. 28,000
lb., is onveranderd gelaat. Nadat die tekort op
die besending deur, onder meer, Hommes onder die aan-
dag van die appellant gebring is, het hy dit laat
aanvul.

Die appellant het by die verhoor die reëling
verduidelik wat daar tussen hom en voerprodusente
bestaan. Wanneer hy 'n bestelling vir voer ont-
vang, voltooi en onderteken hy die nodige vragbrief

vir die besending, of laat hy dit voltooi en onderteken, behalwe dat die aantal bale en die nommer van die spoorwegtrok nie daarop ingeskryf word nie. Die gewig wat bestel is, word egter wel op die vragbrief ingeskryf. Die half-voltooide vragbrief stuur hy dan na 'n voerprodusent met wie hy besigheid doen - mnr. Hommes in die onderhawige geval - wat dan die op die vragbrief aangegewe gewig voer aan die geadresseerde moet afstuur, en die vragbrief moet voltooi deur, onder meer, die aantal bale daarop in te skryf. Volgens 'n „stilswyende reëling tussen almal" moet 'n voerprodusent, wat nie die op die vragbrief aangegewe gewig kan afstuur of in die trok kan inkry nie, die gewig op die vragbrief dienooreenkomstig verander en onderteken.

Dit is duidelik dat die appellant in die onderhawige geval verantwoordelik was vir die inskrywing op die vragbrief van die gewig van 28,000 lb. era-

grostis. Hy ontken dit ook nie. Volgens die vragbrief het hy, of die voeragentskap onder wie se naam hy sake doen, 28,000 lb. eragrostis aan Searle per spoor afgestuur terwyl in werklikheid slegs 15,769 lb. afgestuur is. Maar, sê die appellant, dit is nie hy nie, maar Hommes, sy agent, wat in gebreke gebly het deurdat hy of nie die wolle gewig eragrostis afgestuur het nie, of nie die vragbrief volgens „stilswyende reëling” verander het deur die gewig werklik afgestuur daarop aan te dui nie. Daar is geen getuienis waarvan afgelei kan word dat Hommes van die „stilswyende reëling” bewus was of moes gewees het nie. Die vraag is of die appellant onder die omstandighede tereg skuldig bevind was.

Namens appellant is in die eerste plek betoog dat die Staat nie bewys het dat die appellant die in die aanklag beweerde valse verklaring gemaak het nie. Vir sover hier ter sake bepaal artikel 31 (1) (a) dat -

„Iemand wat op watter wyse ook al, het-
sy direk of indirek, 'n valse, onjuis-
te of onware verklaring of mededeling
doen met betrekking tot die getal,
hoeveelheid, maat, dikte of gewig van
goedere of artikels, in verband met die
koop, verkoop, weeg of meet daarvan....
....is aan 'n misdryf skuldig....”

Dit is betoog dat ofskoon die appellant die
verklaring met betrekking tot die gewig van die era-
grostis op die vragbrief deur sy eggenote laat in-
skryf het, daardie inskrywing eers vals, onjuis of
onwaar geword het toe Hommes 'n paar dae later slegs
15,769 lb.. eragrostis in plaas van 28,000 lb.! per
spoor vanaf Oberholzerstasie afgestuur het sonder om
die vragbrief dienooreenkomstig te verander, en dat
die appellant dus nie die beweerde valse verklaring
gemaak het nie. Dit is wel waar dat die verklaring
of mededeling met betrekking tot die gewig by die
toepassing van artikel 31 (1) (a) eers gedoen is
toe dit aan die Spoorweg-Administrasie op Ober-
holzerstasie gedoen is, en nie toe dit op die

vragbrief ingeskryf was nie. Die vraag is dus of die appellant die beweerde valse verklaring of mededeling aan die Spoorweg-Administrasie gedoen het. Toe die gewig van 28,000 lb. op die vragbrief ingeskryf was, was appellant daarvan bewus dat dit as verklaring of mededeling aan die Spoorweg-Administrasie bedoel was en sou gemaak word. Toe die gewig op die vragbrief ingeskryf was, was dit nie 'n juiste of ware verklaring nie, in die sin dat die appellant nie geweet het watter gewig eragrostis deur Hommes afgestuur sou word nie. Hy het dit aan Hommes oorgelaat om die verklaring juis of waar te maak deur of die op die vragbrief ingeskrewe gewig aan die Spoorweg-Administrasie vir afsending te lewer of 'n ander gewig te lewer en die vragbrief dan dienooreenkomstig te verander. Hommes het inderdaad minder gelewer en die verklaring of mededeling van die appellant op die vragbrief

onveranderd.../10

onveranderd gelaat, met die gevolg dat 'n valse,
onjuiste of onware verklaring of mededeling met be-
trekking tot die gewig aan die Spoorweg-Administrasie
gedoen is.

Dit mag wees dat die valse, onjuiste of on-
ware verklaring of mededeling aan die Spoorweg-
Administrasie met betrekking tot die gewig van die
eragrostis met die medewerking van Hommes gedoen is,
maar dit neem nog nie weg dat die verklaring of
mededeling deur die appellant „op watter wyse ook
al, hetsy direk of indirek” binne die bedoeling van
artikel 31 (1) (a) gedoen is nie. Daardie woorde
is inderdaad woorde van wye omvang, en wat hul be-
tekenis ook al mag wees, sluit dit klaarblyklik
'n verklaring of mededeling in wat iemand deur ie-
mand anders doen of laat doen, anders sou die woor-
de „hetsy direk of indirek” 'n beperkte betekenis
hê. Dit is die appellant wat die eragrostis aan

Searle verkoop en laat afstuur het. Hy het die verklaring of mededeling wat aan die Spoorweg-Administrasie met betrekking tot die gewig gedoen sou word in die eerste plek op die vragbrief laat inskryf, en die juistheid daarvan in die hande van Hommes gelaat. Klaarblyklik is die verklaring of mededeling dus indirek deur die appellant gedoen ofskoon met die medewerking van Hommes.

Voorts is namens appellant betoog dat aangesien in die klagstaat beweer word dat die appellant 'n „valse” verklaring gemaak het, die Staat moes bewys het dat die verklaring tot die kennis van die appellant vals was en dat dit nie bewys is nie. Tereg is betoog dat die woord „vals” met betrekking tot 'n verklaring gewoonlik „onwaar tot die kennis van die persoon wat die verklaring maak”, eerder as eenvoudig „onjuis”, beteken. (Rex vs. Mahomed, 1942 A.D. 191 op bl. 202). Volgens die woordeboeke kan

dit egter ook eenvoudig „onwaar“, „onjuis“ of „ver-
keerd“ beteken. (Sien Verklarende Handwoordeboek van
die Afrikaanse Taal en die "Oxford English Dictionary
s.v. 'false'"). In artikel 31 (1) (a) kom die woord
„vals“ saam met die woorde „onjuis“ en „onwaar“ voor
in die uitdrukking „'n valse, onjuiste of onware
verklaring.“ Wat met straf bedreig word, is die
doen van 'n verklaring of mededeling wat vals, onjuis
of onwaar is. Die normale betekenis van die woor-
de „onjuis“ en „onwaar“ met betrekking tot 'n ver-
klaring is, anders as die woord „vals“, nie „onjuis
of onwaar tot die kennis van die persoon wat die
verklaring maak“ nie. Die gebrek aan kennis van die
persoon wat 'n valse, onjuiste of onware verklaring
of mededeling in stryd met die bepalinge van artikel
31 (1) (a) doen, dat die verklaring of mededeling on-
juis was, kan dus nooit ter sake wees nie. Hy kan
aanspreeklikheid ingevolge artikel 31 (1) (a) nie
ontduik bloot omdat hy geen kennis daarvan

gehad het dat die betrokke verklaring of mededeling
vals, onjuis of onwaar was nie. Dit volg dus dat,
ofskoon die Staat in die klagstaat slegs beweer dat
die appellant 'n „valse" verklaring gemaak het,
dit vir die Staat nie nodig was om te beweer of te
bewys dat die verklaring vals was tot die kennis van
die appellant nie.

Voorts is namens die appellant betoog dat die
Staat die appellant ingevolge artikel 48 bis (1)
middellik aanspreeklik heet te hou vir die wederreg-
telike optrede van sy agent, Hommes, en dat die
klagstaat derhalwe onherstelbaar gebrekkig is om-
dat dit nie na die bepaling van artikel 48 bis (1)
verwys nie, en nie die wederregtelike optrede van
Hommes, waarvoor appellant middellik aanspreeklik
gehou word, uiteensit nie.

Artikel 48 bis (1) bepaal dat -

„(1)..../14

„(1) Wanneer 'n bestuurder, agent of werknemer van 'n persoon 'n handeling verrig of versuim om dit te verrig en dit 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees indien daardie persoon dit verrig of versuim om dit te verrig, dan, tensy bewys word dat -

- (a) by die verrigting van daardie handeling of versuim om dit te verrig, die bestuurder, agent of werknemer sonder die ooglukkende toelating of die toestemming van daardie persoon gehandel het; en
- (b) daardie persoon alle redelike stappe gedoen het om 'n handeling of versuim van die onderhawige soort te voorkom; en
- (c) 'n handeling of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard nie binne die bestek van die bevoegdheid of in die loop van die diens van die bestuurder, agent of werknemer geval het nie,

word dit vermoed dat bedoelde persoon self daardie handeling verrig het of versuim het om dit te verrig, en kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gestraf word, en die feit dat hy

bevele uitgereik het wat 'n handeling of versuim van die onderhawige soort verbied, word op sigself nie as voldoende bewys aanvaar dat hy alle redelike stappe gedoen het om die handeling of versuim te voorkom nie.

Hierdie bepalings maak 'n prinsipaal of werkgewer klaarblyklik middellik aanspreeklik vir die onwettige daade van sy bestuurder, agent of werknemer en die hof a quo het inderdaad daarna verwys ten einde die aanspreeklikheid van die appellant te bepaal, maar bevind dat dit bloot verskoningsgronde aan 'n aangeklaagde bied waarop hy hom kan beroep en die bewyslas waarvan op hom rus, maar omdat dit bloot oor bewysvoering gaan, dit nie nodig was om in die klagstaat daarna te verwys nie.

Dit is onnodig om te beslis of in 'n geval waar die Staat ingevolge artikel 48 bis (1) 'n aangeklaagde middellik aanspreeklik heet te hou vir die onwettige daade van sy werknemer of agent, dit nodig is om in die klagstaat na die bepalings van die arti-

kel te verwys, en die bewerings, waarop die aange-
klaagde beweer word middellik aanspreeklik te wees,
uiteen te sit (R. vs. Limbada and Others, 1958 (2)
S.A. 481 (A.D.) op bl. 485 en 486) want ons het hier
nie met so 'n geval te doen nie.

Die Staat steun nie op die middellike aan-
spreeklikheid van die appellant vir die optrede van
Hommes nie, maar op sy eie wederregtelike optrede.
Die Staat se saak is naamlik dat die appellant ar-
tikel 31 (1) (a) oortree het deurdat hyself direk
of indirek 'n onjuiste verklaring met betrekking tot
die gewig van die eragrostis gemaak het. Die
appellant het trouens erken dat „sover ek kan ont-
hou, was dit 'n geval wat ek self gehanteer het.
Self gesê het hulle moet dit uitmaak en aan mnr.
Hommes stuur." By die bepaling van sy aanspreek-
likheid op grond van die Staat se bewerings is die

bepalings.../17

bepalings van artikel 48 bis (1) dus hoegenaamd nie ter sake nie. Artikel 48 bis (1) het betrekking op daardie gevalle waar die prinsipaal of werkgewer glad nie opgetree het nie, maar waar sy agent of werknemer op sy eie opgetree het. In so 'n geval is die prinsipaal of werkgewer ingevolge artikel 48 bis (1) middellik aanspreeklik tensy hy hom van die bewyslas kwyt wat in paragrawe (a), (b) en (c) van die artikel aan hom opgelê word.

Namens appellant is vervolgens betoog dat hy in iedere geval in die omstandighede van hierdie saak nie met die nodige laakbare gesindheid gehandel het wat 'n wesenlike element is van die ten laste gelegde misdryf, wat deur artikel 31 (1) (a) geskep word nie, en dat die hof a quo fouteer het deur te bevind dat die Wetgewer 'n absolute verbod uitgevaardig het vir 'n oortreding waarvan mens rea nie nodig is nie.

Hierdie Hof het al meermale verwys na die algemene reël dat actus non facit reum nisi mens sit rea of na die beginsel van nulla poena sine culpa, en dat op grond daarvan dit by die uitleg van 'n strafbepaling vermoed word dat die Wetgewer, by ontstentenis van duidelike aanduidings tot die teendeel, nie bedoel het om skuldlose oortredings daarvan met straf te bedreig nie. (Sien bv. R. vs. H., 1944 A.D. 121 op bl. 125 en 126; S. vs. Arenstein, 1964 (1) S.A. 361 (A.D.) op bl. 365; S. vs. Bernardus, 1965 (3) S.A. 287 (A.D.) op bl. 296, en S. vs. Qumbella, 1966 (4) S.A. 356 (A.D.)). Daar is ook daarop gewys dat aanduidings tot die teendeel gevind kan word in die woorde of samehang van die statutêre verbod of bevel, die omvang en die oogmerke van die statuut, die aard en omvang van die straf, en die gemak waarmee die verbod of bevel ontduik sou kon word indien op die afwesigheid van skuld (mens rea) gesteun

sou kon word. (R. vs. H., supra, op bl. 126 en
S. vs. Arenstein, supra, op bl. 365).

Ek kan in artikel 31 (1) (a) of in die omvang en oogmerke van Wet 13 van 1958 niks vind wat daarop dui dat dit die bedoeling van die Wetgewer was om ook skuldlose oortredings van artikel 31 (1) (a) strafbaar te maak nie. Ons aandag is ook nie op sodanige oorwegings gevestig nie. Namens die Staat is trouens toegegee dat die Wetgewer nie by artikel 31 (1) (a) 'n absolute verbod uitgevaardig het nie, maar dat vir 'n strafbare oortreding van die artikel skuld 'n vereiste is.

Nie alleen is daar niks in Wet 13 van 1958 wat dui op 'n bedoeling dat die Wetgewer skuldlose oortredings van artikel 31 (1) (a) met straf wou bedreig nie, maar die aanduidings wat daar is, dui eerder op die teendeel. Die verbod in artikel 31 (1) (a) slaan op die doen van „'n valse, onjuiste of onware verklaring of mededeling." Die woorde

„vals, onjuis of onwaar" het 'n bybetekenis van laakbaarheid of afkeurenswaardigheid. Die doen van 'n valse, onjuiste of onware verklaring of mededeling aan iemand impliseer dus prima facie blaamwaardige of skuldige gedrag. Daarbenewens word besonder swaar strawwe in artikel 48 van die Wet vir 'n oortreding van, onder meer, artikel 31 (1) (a) voorgeskryf. Dit is onwaarskynlik dat die Wetgewer sulke swaar strawwe ook vir skuldlose oortredings van artikel 31 (1) (a) sou wou voorskryf. (R. vs. H., supra, op bl. 126). Onder hierdie omstandighede meen ek dat mens rea wel 'n wesenlike element is van die misdryf by artikel 31 (1) (a) geskep.

Namens appellant is voorts betoog dat die hoogste graad van mens rea, nl. opset of dolus, en nie blote nalatigheid of onagsaamheid (culpa) nie, soos namens die Staat betoog, die skuldsoort is wat nodig is vir 'n strafbare oortreding van arti-

kel 31 (1) (a).

Die antwoord op die vraag of die vereiste skuldsoort dolus dan wel culpa is, moet in die eerste plek in die woorde van artikel 31 (1) (a) self gesoek word. Die skuldsoort opset word gewoonlik met woorde soos „opsetlik” of „kwaadwilliglik” aangedui. (S. vs. Arenstein, supra, op bl. 366). Daardie woorde ontbreek in sub-artikel (1) (a) van artikel 31, terwyl die woord „opsetlik” wel voorkom in sub-artikel (2) van dieselfde artikel wat iemand met straf bedreig wat hom, onder meer, „opsetlik aan bedrog of misleiding by die gebruik van weeg- of meetinstrumente, mate of gewigte skuldig maak....” Die woord „opsetlik” kom ook voor in artikel 35 (b) wat iemand met straf bedreig wat „opsetlik weeg- of meetinstrumente, mate of gewigte wat in die handel gebruik word, groter of kleiner maak of daarmee peuter.” Die uitdruklike voor-

skrif van die skuldsoort opset as wesenlike element van die misdrywe wat deur hierdie artikels van die Wet geskep word, en nie van die misdryf wat deur artikel 31 (1) (a) geskep word nie, lei onvermydelik tot die gevolgtrekking dat opset nie vir 'n strafbare oortreding van laasbedoelde artikel nodig is nie. Die doel van Wet 13 van 1958 is klaarblyklik, onder meer, die beskerming van die algemene publiek teen moontlike uitbuiting in die handel. Daardie doel sou tot 'n groot mate verydel kon word indien slegs opsetlike oortredings van die bepalings van die Wet, behalwe waar dit uitdruklik voorgeskryf word, strafbaar sou wees. Met die oog op hierdie oorwegings is ek dus van oordeel dat opset nie 'n vereiste vir 'n strafbare oortreding van artikel 31 (1) (a) is nie.

Die Wetgewer verg egter klaarblyklik vir die verwesenliking van sy oogmerke 'n hoë mate van omsigtigheid van diegene op wie die bepalings van

die Wet van toepassing is, en die opsetlike of nalatige versuim om daardie mate van omsigtigheid uit te oefen, maak die nodige mens rea uit vir 'n strafbare oortreding van, onder meer, artikel 31 (1) (a). (S. vs. Arenstein, supra, op bl. 366). Dit volg dus dat, aangesien die verbod in artikel 31 (1) (a) vervat nie 'n absolute verbod is nie, nalatigheid of culpa voldoende is vir 'n strafbare oortreding daarvan. (R. vs. H., supra, op bl. 130.)

Dat die appellant nie, in verband met die verklaring of mededeling met betrekking tot die gewig van die besending eragrostis wat hy aan Searle verkoop en laat afstuur het, die nodige omsigtigheid uitgeoefen het om toe te sien dat die verklaring op die vragbrief korrek was nie, blyk duidelik uit die aangevoerde getuienis. Appellant het hom op 'n „stilswyende reëling" verlaat dat Hommes sou toesien dat hy òf die op die vragbrief aangegewe

gewig sou afstuur of, indien hy minder sou afstuur, die vragbrief dienooreenkomstig sou verander, sonder om seker te maak dat Hommes hom aan die „stilsyende reëling" sou hou. Of Hommes van die reëling bewus was of moes gewees het, blyk ook nie uit die getuienis nie. Appellant het trouens self besef dat hy nie sy pligte in verband met die verklaring op die vragbrief behoorlik nagekom het nie, want hy was verplig om te erken „dat van gister af het ek gesien dat in verband met hierdie Wet van 1958, dat die hele onus nou op my berus, en dat dit vir my absoluut gevaar inhou, sal 'n mens beslis iets moet uitwerk, of dit laat staan." Appellant se onjuiste verklaring op die vragbrief het dus met die nodige blaamwaardige gesindheid (culpa) gepaard gegaan en hy was tereg skuldig bevind soos aangekla.

Die appèl word afgewys.

AM Botha
BOTHA, A.R.

RABIE, A.R.

Stem saam

MULLER, A.R.